Of is dit voordeel vir Hom dat jy onberispelik wandel?" Hierdie vrae moet natuurlik ontkennend beantwoord word. Dit is retoriese vrae! Hy bedoel dat God aan vroomheid niks het nie. Job moet hom dus nie verbeel dat hy daarmee iets by God sal bereik nie.

Is hierdie mening van Élifas reg?

Dit gaan hier om die voordeel, die nuttigheid van die godsdiens. In die eerste plek gaan dit om die nuttigheid daarvan vir God. Maar Élifas stel die kwessie van nuttigheid van die godsdiens vir die mens self ook aan die orde as hy (2b) sê: „Nee, aan homself bewys die verstandige 'n diens." Dit word deur goddelose mense ook ontken – kyk 21:15.

Job self het die vraag van die ander kant af gestel toe hy gevra het of sónde God skade aandoen, 7:20. Dit staan vas dat die mens homself wel skade aandoen deur die sonde. Deur die mond van Jeremia het God tot die sondige Juda gesê: „Terg hulle Mý? Doen hulle dit nie aan hulleself tot beskaming van hul aangesig nie?" (Jer. 7:19).

Die kwessie wat Élifas aan die orde stel, is nie so eenvoudig om te beantwoord nie. Dit is waar dat God nie deur mensehande gedien word asof Hy aan iets behoefte het nie (Hand. 17:25). Die Skrif sê egter dikwels genoeg dat die HERE 'n welgevalle het aan die opregtes van hart.

Wat Élifas sê, is in 'n sekere sin wel waar, maar nie in absolute sin sodat vroomheid waardeloos is vir God, en Job se gemeenskap met God tot inbeelding vervlugtig nie.

Élifas se bedoeling kom egter pas duidelik uit as hy sê: „Is dit oor jou Godsvrees dat Hy jou bestraf?"

Dat God Job bestraf, is vir Élifas 'n vasstaande feit. En Godsvrees, godsvrug word mos nie bestraf nie? Die straf het ander redes! Sondes! En die sondes van Job gaan hy nou breed opnoem.

So het Élifas Job se geloofsgetuienis tot niet gemaak!

Tegelykertyd opper hy die gedagte dat „'n verstandige aan homself diens bewys" deur godsdiens. Élifas kom hier baie naby aan die mening van die Satan (1:9)!

Die sondes waarvan Élifas Job beskuldig, lê op sosiale terrein. Hy het armes en ellendiges nie gehelp nie, maar uitgegaan van die stelreël dat die land behoort aan die man van geweld, die ryke en sterke, soos hyself was. Daarom word hy nou gestraf. Sy rampe belemmer hom soos vangnette, hy verkeer in ellende wat hom soos duisternis en vloedgolwe omhul.

Élifas het nog 'n ander swaar beskuldiging teen Job. Hy sê vir hom: „Maar jy sê: Wat weet God?" Dit beteken: God weet niks nie!



Maar dit het hy nooit gesê nie. Élifas sê dit met betrekking tot Job se klagte (21:6–18), dat die goddelose nie gestraf word nie. Hy neem as uitgangspunt die hoogheid van God en maak daarvan dat Job sou gesê het: God is te hoog om die sondes te sien. Wolke bedek sy uitsig en Hy wandel ver weg op die hemelgewelf. As jy so dink, sê Élifas, bewandel jy die pad wat die kwaaddoeners van oudsher bewandel het (vs. 15). Job self het dié mense geteken as mense wat tot God sê: „Bly ver van ons af!" (21:19). Élifas gebruik dieselfde woorde (17) en sê dat Job self by hulle behoort. Maar dit het sleg met hulle gegaan; hulle is vroegtydig gegryp, tot blydskap van die regverdiges.

22:21 Sluit tog vriendskap met Hom,
sodat jy vrede kan hê;
daardeur sal goeie dinge oor jou kom.
22 Neem tog uit sy mond onderrig aan,
en lê sy woorde weg in jou hart.
23 As jy tot die Almagtige terugkeer,
sal jy gebou word;
as jy die onreg verwyder uit jou tent.
24 En gooi die gouderts in die stof
en tussen die rotse van die spruite die goud van Ofir.
25 Dan sal die Almagtige jou gouderts wees
en stawe silwer vir jou.
26 Want dan sal jy in die Almagtige jou verlustig
en jou aangesig tot God ophef.
27 Jy sal tot Hom bid,
en Hy sal jou verhoor;
en jy sal jou geloftes betaal.
28 Besluit jy iets, dan kom dit tot stand;
en oor jou weë skyn 'n lig.
29 As dié afdraand loop, dan sê jy: Boontoe!
En hom wat neerslagtig is, verlos Hy.
30 Hy red selfs hom wat nie onskuldig is nie;
ja, hy word gered deur die reinheid van jou hande.

In die laaste gedeelte van sy toespraak verander Élifas van toon. Hy word nou vriendeliker, gemoedeliker en gee goeie raad, vermaning en vertroosting. Hy moet vriendskap met God sluit – nie met Hom veg om erkenning van sy onskuld nie. Hy moet die woorde van God weglê in sy hart – maar God antwoord hom mos nie! Hy moet afstand doen van rykdom wat hy deur onreg verkry het (kyk

vs. 6–9). Dan sal hy in God self sy skat vind. Aanloklik skilder Élifas die vrugte van 'n goeie verhouding met God. Hy verneder die hoogmoedige (vs. 29a), maar verlos die mismoedige. God red selfs hom wat nie onskuldig is nie (daar is dus vir Job ook nog hoop!) deur vergewing. Maar jou hande moet rein wees!

Skone woorde! Menige sondaar kan daaruit voordeel trek! Maar wat is daarby wat vir Job nuwe gesigspunte bied? Hy weet dit alles, maar dit help hom nie, want om uit eie belang vriendskap met God te soek, stuit hom teen die bors.

*Derde antwoord van Job aan Élifas* (hfst. 23, 24)

23:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
2 Nog altyd geld my geklaag as wederstrewigheid;
my hand lê swaar op my gesug.
3 Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind,
maar kon kom tot by sy woning!
4 Dan sou ek die regsaak voor sy aangesig uiteensit
en my mond met bewyse vul;
ek sou verneem die woorde wat Hy my sou antwoord,
en verstaan wat Hy aan my sou sê.
6 Sou Hy met oormag teen my stry?
Nee, maar Hý sou ag op my gee.
7 Dan sou daar 'n opregte met Hom staan en pleit,
en ek sou vir ewig van my regter vry kom.
8 Kyk, ek gaan na die ooste, en Hy is nie daar nie;
en na die weste, maar ek bemerk Hom nie.
9 As Hy in die noorde werk, aanskou ek Hom nie;
buig Hy af na die suide, dan sien ek Hom nie.
10 Want Hy weet hoe my wandel is;
as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom.
11 Aan sy voetstap het my voet vasgehou;
sy weg het ek bewaar sonder om uit te draai.
12 Van die gebod van sy lippe het ek nie afgewyk nie;
die woorde van sy mond het ek bewaar
meer as my eie wet.
13 Maar Hy bly onveranderlik Een –
wie sal Hom dan teëhou?
En wat sy siel begeer, dit doen Hy.
14 Want Hy sal volbring wat oor my besluit is,
en baie sulke dinge is daar by Hom.



15 Daarom is ek verskrik voor sy aangesig;
as ek daarop ag gee, vrees ek vir Hom.
16 En God het my hart week gemaak,
en die Almagtige het my verskrik.
17 Want ek vergaan nie vanweë die duisternis
of vanweë my eie aangesig
wat deur donkerheid oordek is nie.

„Nog altyd geld my geklaag as wederstrewigheid" – so sê Job. Hy moet aanhou protesteer. Maar het daar dan geen verandering gekom sedert Job sy Verlosser gevind het nie? (19:25). Ja, in Job se geloofsoortuiging. Maar nie in die houding van God nie. Daarom kan Job sy gesug nie bedwing nie of, soos hy dit uitdruk: „my hand lê swaar op my gesug". God hou hom nog steeds verborge vir Job. Dit is Job se probleem. En dit is ook 'n probleem vir ons, die lesers van die boek Job. Maar dit is nou juis die les van die boek Job. God doen anders as wat ons wou dat Hy sou doen, anders as wat ons sou dink dat Hy moes doen. Want Hy is soewerein! Hy verskyn nie met 'n vriendelike aangesig asof die mense Hom met gebede daartoe kan oproep nie. Hy is vir Job nog geen Hoorder van die gebed nie. Dit is die hardheid van die boek Job. Daaronder sug ons ook as ons die boek lees.

Job is wel daarvan oortuig dat sy verhouding met God goed is. En God wéét hoe sy optrede is. As hy Hom maar kon vind, dan sou hy die regsaak voor sy aangesig uiteensit. Hy het genoeg bewyse van sy onskuld. Maar hy vind God nêrens nie. God onttrek homself. Hoe kan jy nou veg met iemand wat hom verberg? En so duur Job se beproewing maar voort!

Vroeër was hy bang vir God se oormag, vir sy roede en verskrikkinge (9:34) en het hy gevra (13:20) dat God hom twee dinge nie moes aandoen nie. Dié vrees het hy nou oorwin. Hy dink nie dat God met oormag teen hom sal stry nie; God sal ag op hom gee, aandag aan hom skenk. As hy voor God staan, sal dit blyk dat daar 'n opregte met God in die gerig gaan; dan sal hy vry kom. Maar dit is die moeilikheid – hy kry God nêrens nie! God weet dat Job suiwer van lewenswandel is, maar Hy onttrek Homself, sodat Hy dit nie hoef te sê nie; dit beteken verlenging van sy lyding.

God – so sê Job – bly Een! Onveranderlik Een! Hy kan nie beweeg word tot verandering nie! Wat Hy wil, dit doen Hy. Wie weet wat Hy nog verder oor hom besluit het? As Job daaraan dink, word hy weer bang. Sy moed om voor God te verskyn, verdwyn weer. Hy

word weer verskrik voor God se aangesig. Die duisternis van sy lewe sou hy wel kon dra, as God net nie so onbereikbaar was nie!

So gaan die gemoedstemminge, vrymoedigheid en skrik soos golwe in Job se siel op en neer.

24:1 Waarom het die Almagtige vir Hom
geen geregstye voorbehou nie,
en sien die wat Hom ken,
nie sy geregsdae nie?
2 Grenslyne verlê hulle;
'n trop vee roof hulle en laat dit wei.
3 Die esel van die wese dryf hulle weg,
die bees van die weduwee neem hulle as pand.
4 Hulle stoot die behoeftiges van die pad af;
die ellendiges van die land kruip almal saam weg –
5 Kyk, soos wilde-esels in die woestyn
trek hulle uit na hul werk,
terwyl hulle soek na voedsel;
die wildernis lewer brood vir hulle, vir die kinders.
6 Op die veld gaan hulle voer haal,
en in die wingerd van die goddelose hou hulle na-oes.
7 Naak bring hulle die nag deur, sonder klere,
en hulle het geen bedekking teen die koue nie.
8 Van die stortbui van die berge word hulle nat;
en by gebrek aan skuiling
druk hulle hul teen die rotse vas.
9 Hulle ruk die weeskind van die bors af;
en wat die arme aan het, verpand hulle.
10 Naak gaan hulle heen, sonder klere;
en terwyl hulle honger het,
dra hulle gerwe aan.
11 Tussen die mure van dié mense pars hulle olie,
trap die parskuipe terwyl hulle versmag van dors.
12 Uit die stad kerm die manne,
en die siel van die gewondes roep om hulp;
tog gee God geen ag op die ongerymdheid daarvan nie.

In hoofstuk 24:1 begin Job weer kla dat hy geen reg kan kry nie; hy kla dat God geen geregsdae hou nie waarna juis hulle wat Hom ken, so uitsien. En daar is tog so baie onreg. Hy gee (vs. 2 e.v.) 'n opsomming van allerlei misdade soos landroof en veediefstal. In sy opsomming val die nadruk op die slagoffers van die misdade: die



weduwee en die wese. Dit is sosiale onreg (vs. 2–8). In vs. 9 keer hy terug tot die geweldenaars, wat die weeskind van die bors ruk en die klere van die arme tot pand neem. Dan volg weer 'n beskrywing van hulle wat onreg ly.

(Eintlik sluit vs. 10–12 goed aan by 5–8 en staan vs. 9 ietwat verdwaal daartussen; vs. 9 sluit wel aan by vs. 2–4. Ons kan in die res van hierdie hoofstuk nog meer sulke opmerkings maak. Het die volgorde van die teks versteur geraak?)

Job noem die sosiale ongeregtighede *ongerymdhede* en met die verwyt dat God daar geen ag op slaan nie, keer hy terug tot sy uitgangspunt: God doen geen reg nie.

24:13 Sulke mense behoort by die vyande van die lig:
hulle ken nie die weë daarvan nie
en bly nie op die paaie daarvan nie.
14 Teen dagbreek staan die moordenaar op,
hy maak die arme en behoeftige dood,
en in die nag is hy soos die dief.
15 En die oog van die owerspeler neem die skemeraand waar
en sê: Geen oog kan my sien nie;
en hy sit 'n sluier voor sy gesig.
16 In die duisternis breek hulle in die huise in;
bedags sluit hulle hul op;
hulle ken nie die lig nie.
17 Want vir hulle saam is die stikdonker 'n môrestond,
want hulle ken die verskrikkinge van die stikdonker.
18 Gou dryf hul voort op die oppervlakte van die water;
hulle stuk grond word vervloek in die land;
hulle begeef hul nie meer op pad na die wingerde nie.
19 Droogte, ook hitte, roof die sneeuwater weg –
so die doderyk die wat gesondig het.
20 Die moederskoot vergeet hom;
die wurms eet smaaklik aan hom;
aan hom word nie meer gedink nie;
so word dan die onreg gebreek soos 'n stuk hout –
21 hy wat die onvrugbare plunder wat nie baar nie,
en aan die weduwee geen weldaad bewys nie.
22 Tog laat Hy deur sy krag die magtiges lank lewe;
hy staan weer op, wat al van sy lewe nie seker was nie.
23 God gee hom veiligheid, en hy steun daarop;
en sy oë is op hulle weë.

24 Hulle het hul verhef –
'n kort rukkie, dan is hulle daar nie meer nie;
en hulle word verneder;
soos almal sterwe hulle;
en soos die boonste van 'n halm word hulle afgesny.
25 En is dit nou nie so nie,
wie sal my van 'n leuen beskuldig
en my rede tot niet maak?

In vs. 13 beskryf hy weer die optrede van die goddelose gewelde-naars, maar in vs. 18 lees ons weer van die ondergang van die goddelose. Dit pas nie in Job se redevoering nie, maar wel in die redenasie van die vriende. Het 'n stuk van Bildad se antwoord, wat baie kort is, miskien hier verdwaal geraak?

*Derde antwoord van Bildad* (hfst. 25)

25:1 Toe het Bildad, die Suhiet, geantwoord en gesê:
2 Heerskappy en verskrikking is by Hom
wat vrede maak in sy hoogtes.
3 Is daar 'n getal vir sy leërskare?
En oor wie rys sy lig nie op nie?
4 Hoe sou dan 'n mens regverdig wees by God?
En hoe sou hy rein wees wat uit 'n vrou gebore is?
5 Kyk, selfs die maan – hy skyn nie helder nie;
en die sterre is nie rein in sy oë nie.
6 Hoeveel minder die mens, 'n maaier;
en die mensekind, 'n wurm.

In hierdie laaste antwoord van Bildad begin hy meteens oor „Hom" te praat. Dit lê voor die hand dat hy God bedoel. Dit blyk dan ook duidelik in vs. 4. Dit skyn asof hier 'n begin aan die teks ontbreek.

Bildad praat oor die verhewe majesteit van God: „Heerskappy en verskrikking", d.w.s. verskriklike heerskappy „is by Hom". Hieroor het Job ook gepraat, in hoofstuk 12. Hieroor is die vriende dit eens; hulle argumentasie daaroor verskil egter.

Intussen bevat hierdie antwoord van Bildad tog 'n merkwaardige uitspraak. Hy sê: „Hom wat vrede maak in sy hoogtes", d.w.s. in die hemele. Was dit dan nodig? Was daar onrus of stryd? Élifas het ook al gesê: „in sy dienaars stel Hy geen vertroue nie, en by sy engele ontdek Hy dwaling" (4:18) en „in sy heiliges stel Hy geen



vertroue nie" (15:15). Voorts noem Job God „Hom wat die hemelse wesens oordeel". In 9:13 het ons gelees van die helpers van Rahab wat onder Hom moet kruip, en later (26:12) dat God Rahab verpletter deur sy verstand. Volgens die verband daar is Rahab eerder 'n seemonster as 'n hemelwese, maar hulle wat vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar word, is engele. (Judas vs. 6). In Openb. 12:7 staan: „daar het oorlog in die hemel gekom". Miskien mag ons hierdie gegewens met mekaar kombineer. In elk geval lê die heerskappy in God se hande! (sien ook Luk. 19:38). Sy leërskare is sonder getal en die retoriese vraag, „Vir wie rys sy lig nie op nie?", word verduidelik deur Hebr. 4:13, „En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het."

Bildad beweer (vs. 5) dat selfs die hemelliggame nie suiwer in sy oë is nie – so groot is die majesteit van God. (Kyk wat Élifas gesê het (4:18; 15:15) oor die hemel en sy bewoners.)

Ná hierdie beskrywing van die grootheid en mag van God stel Bildad die vraag: „Hoe sou dan 'n mens regverdig wees by God?" Hy bedoel dat dit onmoontlik is. Daarmee sluit hy aan by die openbaring wat Élifas ontvang het (4:17). Nes hy, wei Bildad breed uit oor die nietigheid van die mens: hy is 'n maaier, 'n wurm! Dit is die laaste woord van Bildad wat vir ons opgeteken word, asook van die vriende, want Sofar het nie weer aan die woord gekom nie. Bildad kom weer by die begin uit. Dit beteken dat die mening van die vriende nie verander het nie. Hulle eindig soos hulle begin het.

*Derde antwoord van Job aan Bildad* (hfst. 26)

26:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
2 Hoe goed het jy die onmagtige bygestaan,
die kragtelose arm gehelp!
3 Hoe mooi het jy die onwyse raad gegee
en beleid in oorvloed bekend gemaak!
4 Aan wie het jy woorde te kenne gegee,
en wie se gees het uit jou uitgegaan?
5 Die skimme is beangs onder die waters
en onder die bewoners daarvan.
6 Naak lê die doderyk voor Hom
en die plek van vertering het geen bedekking nie –
7 voor Hom wat die noorde uitspan oor die chaos,
wat die aarde ophang oor 'n niks;

8 wat die waters saambind in sy wolke
sonder dat die wolkgevaarte daaronder skeur;
9 wat die gesig van die troon toehou
deurdat Hy sy wolk daaroor uitsprei.
10 Hy het 'n kring afgetrek oor die watervlakte
tot waar lig in duisternis eindig.
11 Die pilare van die hemel wankel
en staan verstom weens sy dreiging.
12 Deur sy krag bring Hy die see in beroering,
en deur sy verstand verpletter Hy Rahab.
13 Deur sy asem word die hemel helder;
sy hand het die vinnige slang deurboor.
14 Kyk, dit is maar die uitlopers van sy weë,
en wat 'n fluisterwoord hoor ons maar van Hom!
Wie sou dan die donder van sy magtige dade verstaan?

Sarkasties merk Job op dat Bildad hom, die onmagtige en kragtelose, so pragtig gehelp het! Dat hy hom, die onwyse, mooi raad en beleid in oorvloed voorgehou het! Waar kry jy die wysheid, so vra hy. Miskien bedoel hy wel dat hy Élifas napraat en dat dit hom niks gehelp het nie.

Nou volg 'n pragtige himne oor die verhewenheid van God. Dit pas in die mond van Job, wat ook in 9:5 e.v. en in 12:13 e.v. die grootheid van God geprys het. Trouens – die vriende doen dit ook. Daaroor het hulle geen geskil nie.

Die himne oor die grootheid van God begin sonder 'n woord van inleiding. Hy begin met 'n beskrywing van die almag van God in die doderyk. Deur oor skimme te praat, lei hy ons aandag soontoe. Die skimme is mos daar (Jes. 14:9; Spr. 9:18)! Dooie mense en skimme word in een verband genoem (Jes. 26:14; Ps. 88:11). Die doderyk word ook die plek van vertering, die verderf, genoem. God heers ook daar!

Verder beskryf Job die Almag van God in die lewende skepping. Want die God aan wie die doderyk onderdanig is, omskryf hy as Hy „wat die noorde uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks". Met die noorde word die noordelike hemel bedoel (Jes. 14:13). Hy span dit uit soos 'n doek (Jes. 40:22) of soos 'n tent, oor die chaos. Hierdie woord chaos is die vertaling van 'n woord wat ook in die skeppingsverhaal gebruik word, en dáár vertaal is deur woes (en leeg). 'n Afrikaanse woord daarvoor is „baaierd". Die aarde hang Hy op oor 'n niks, sodat dit op 'n niks rus. In 9:6 het Job gepraat van die pilare van die aarde. Dit is 'n meer gewone voorstelling wat



ook voorkom in I Sam. 2:8 en Ps. 104:5. Die vertaling „niks" is ook onseker!

Hierdie verse kan verklaar word in verband met die skepping in die begin; die volgende verse sê wat God telkens of gedurig doen: die waters saambind in sy wolke. Sý wolke is die sakke wat God daarvoor gebruik en wat onder die swaar las nie skeur nie (kyk 38:37).

In die volgende vers kan die woord wat deur troon vertaal is, ook as maanskyf vertaal word. Dat die maan agter verbydrywende wolke verdwyn en weer te voorskyn kom, is ook 'n indrukwekkende skouspel wat van die grootheid van God getuig. Dat God 'n kring afgetrek het oor die watervlakte, lees ons ook in Spr. 8:27: „toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed". Dáár is dit 'n skeppingswerk! Die woorde, „waar lig in duisternis eindig", beteken die gesigseinder of horison.

Die berge aan die horison is die pilare van die hemel; hulle wankel weens sy dreiging! Hy is 'n God van toorn. Hy bring ook die see in beroering en verpletter Rahab. Reeds eerder het Job van Rahab melding gemaak (9:13). Hy is 'n vyand wat deur God verbrysel is (Ps. 89:11). Langs hierdie magsbetoon in die see staan 'n ander een in die lug: Hy „het die vinnige slang deurboor". In Jesaja 27:1 word hy Leviátan genoem. Job het hom reeds genoem in 3:8, as 'n mag wat duisternis verwek. In 26:13 word die hemel helder as die vinnige slang deurboor, d.w.s. gedood is. Ook in Jesaja 51:9 behoort dit tot die kragtige dade van God dat Hy Rahab neergekap en die seemonster deurboor het. Op opvallende wyse word deur hierdie heldedade die groot mag van God geteken. Dit klink „mitologies". Tog moet ons opmerk dat dit geen „godeverhale" is nie, maar verhale oor oorwinnings wat God in sy skepping oor sy skepsele behaal. Hoekom hulle so vyandig was, weet ons nie. Maar oor die opstand van die engele weet ons ook nie meer nie as dat hulle hul eie beginsel nie bewaar het nie en hul eie woning verlaat het. (Judas vs. 6). Moontlik het hulle aarde en see in hul opstandigheid betrek. Maar daar het God dit gefnuik, in die kiem gesmoor, op só 'n wyse dat die heugenis daarvan tot digters en profete deurgedring het. Job (Job self? of die digter van die boek Job?) haal die ou oorlewering aan om die mag van God te teken en voeg dan daarby: maar dit is nog maar kleinigheidjies! 'n Fluisterwoord vergeleke met die donder van sy magtige dade. Wie kan sy werklike grootheid verstaan en verdra!?

## *Verdere spreuk van Job* (1) (hfst 27)

27:1 En Job het verder sy spreuk aangehef en gesê:
2 So waar as God leef wat my my reg ontneem het
en die Almagtige wat my siel bitterheid aangedoen het –
3 want my asem is nog heeltemal in my,
en die lewensasem van God is in my neus –
4 my lippe spreek geen onreg nie,
en my tong verkondig geen bedrog nie!
5 Dit is ver van my dat ek julle gelyk sou gee;
totdat ek die asem uitblaas, sal ek my onskuld nie prysgee nie.
6 Aan my geregtigheid hou ek vas
en laat dit nie los nie;
my hart veroordeel geeneen van my dae nie.
7 My vyand moet dus verskyn as goddelose
en my teëstander as kwaaddoener.
8 Want wat is die verwagting van die goddelose
as Hy afsny – as God sy siel wegneem?
9 Sal God sy geroep hoor
as benoudheid oor hom kom?
10 Of sal hy hom kan verlustig in die Almagtige,
God altyd kan aanroep?
11 Ek sal julle onderrig aangaande die hand van God;
wat by die Almagtige is, sal ek nie verberg nie.
12 Kyk, julle het dit almal self aanskou,
en waarom koester julle dan 'n ydele hoop?

Job het verder sy spreuk aangehef. Wat hy sê, word nou *spreuk* genoem, maar dit is 'n voortsetting van wat hy vroeër gesê het. Dit is dus ook „spreuk". En wat hy nou gaan sê, is weer 'n antwoord aan sy vriende (vs. 5).

Hy begin met 'n eed by die Almagtige, by dieselfde God wat hom sy reg ontneem het en sy siel bitterheid aangedoen het. Hy vermeld dit in sy eedsformule en daarmee sê hy omtrent God iets wat feitlik 'n beskuldiging is. Hy bly dus die vegter met God. Tog sweer hy by Hom! Hy bly dus trou aan Hom. Dat hy nog leef en in staat is om te sweer, dank hy ten slotte aan Hom want „die lewensasem van God is in my neus". In vs. 4 volg die inhoud van die eed. Dit is dat hy die waarheid spreek. Hy sweer dat hy nie lieg nie! Die uitsprake wat nou volg, is dus onder eed gedoen! Die uitsprake is onskuldbetuigings. Sy vriende beskuldig hom, maar hy sal hulle geen gelyk gee nie. Totdat hy die asem uitblaas, sal hy sy onskuld nie



prysgee nie. Aan sy geregtigheid – saaksgeregtigheid – hou hy vas en sal dit nie loslaat nie. Sy hart veroordeel geeneen van sy dae nie. (Wat van sy jeug? Vgl. 13:26!) Reeds dikwels het Job betuig dat hy onskuldig is (6:29; 9:21; 13:18; 16:19; 19:6, 25; 23:7, 10), maar nooit so nadruklik as wat hy dit nou doen nie.

In vs. 7 gaan Job voort met „my vyand", „my teëstander". Daarmee bedoel hy sy teenparty wat hom beskuldig. As hy regverdig is, dan is sy beskuldiger 'n valse beskuldiger. As die vriende dus voortgaan om hom te beskuldig, dan moet hulle as goddeloses en kwaaddoeners beskou word! Dit is 'n krasse konsekwensie! Maar dit is Job se oortuiging.

En watter verwagting – so vra Job verder – sal sulke goddelose mense kan koester as God hulle siel wegneem? Job spreek dit hier duidelik uit, dat hy meen dat daar ná die dood nog iets kom! Maar as jy 'n goddelose is, kan jy daarvan nie veel goeds verwag nie. Ons moet hierdie woorde van Job beskou as 'n verdere bestryding van sy vriende en verdediging van homself. Want agter sy woorde skuil die oortuiging dat hyself wel verwagting het. (Kyk hierby ook na Joh. 13:16.)

In dieselfde sin moet die volgende retoriese vrae ook verstaan word (vse. 9 en 10): God sal die geroep van die goddelose in benoudheid nie hoor nie en die goddelose sal hom nie in die Almagtige kan verlustig en Hom nie altyd kan aanroep nie. En dit kan Job wel doen!

Is dit so? Kan Job dit wel doen? Op die oomblik lyk dit nie so nie. Hy is mos deur God verlate (19:7; 23:3)! Maar dit is 'n abnormale toestand! Job het die oog op sy gewone lewe soos dit vroeër was en wat, soos hy hoop, ook weer sal terugkeer. Ook in 12:4b het hy sy lewe geskets as 'n gedurige aanroeping van God en 'n verkryging van verhoring. Vanuit daardie toestand redeneer hy nou. Hieruit blyk dat Job innerlik vashou aan God, ondanks sy siekte en verlatenheid.

Die volgende verse (11 en 12) kan verklaar word as 'n heenwysing van Job na sy eie lewe, wat 'n sigbare bewys van sy woorde is: 'n man in sware beproewing wat tog durf om gewag te maak van gebedsverhoring en gemeenskap met die Almagtige! Die vriende sien dit met hul eie oë! Hoe kan hulle dan vashou aan „'n ydele hoop", d.w.s. aan 'n wanvoorstelling aangaande die lewenshouding van Job (vs. 12).

Ons sien Job hier op 'n hoogtepunt in sy geestelike lewe. Hy bewys sy onskuld teenoor die vriende met sy innerlike vroomheid, met sy hoop op God, met gemeenskap met God op 'n tydstip dat hy dit

mis! Maar terwyl hy dit mis, bly hy dit tog beskou as 'n onvervreembare geestelike besit. Die herinnering daaraan sterk hom en die terugkeer daarvan, wat hy verwag, hou hom staande in sy leed. Hierdie innerlike vroomheid is die terrein waarop die aanval van die Satan gerig was (1:9–11).

Indien die neerlaag van die Satan êrens blyk, dan is dit hier!

Indien dit êrens duidelik word dat God straks (42:7) kan sê dat Job reg van Hom gespreek het, dan is dit hier!

27:13 Dit is die deel van die goddelose mens by God
en die erfdeel van die tiranne
wat hulle van die Almagtige ontvang:
14 as sy kinders baie word, is dit vir die swaard;
en sy spruite word nie versadig met brood nie.
15 Die wat van hom oorbly,
word deur die pes begrawe,
en sy weduwees ween nie.
16 As hy silwer ophoop soos stof
en klere aanskaf soos modder –
17 hy skaf aan, maar die regverdige trek dit aan;
en die onskuldige verdeel die silwer.
18 Hy het sy huis gebou soos 'n mot
en soos 'n skerm wat die oppasser maak
19 Ryk gaan hy lê,
maar hy doen dit nie weer nie;
hy maak sy oë oop en – is nie meer nie.
20 Verskrikkinge oorval hom soos waterstrome;
in die nag voer 'n stormwind hom weg.
21 Die oostewind tel hom op, en daar gaan hy;
en dit storm hom weg uit sy plek.
22 En God werp op hom af sonder verskoning,
vir sy hand moet hy haastig vlug.
23 Hulle klap oor hom in hul hande
en spot hom weg uit sy plek.

Job het in vs. 7–12 die lot, die geestelike lot, van die goddelose geteken, in die besonder van die goddelose valse beskuldiger. In die res van hierdie hoofstuk, vs. 13–23, vind ons ook 'n beskrywing van die lot van die goddelose. Maar die toon is gans anders! Dit is meer die toon van Job se vriende.

In hierdie stuk staan dat die gerig oor die goddelose voltrek word



op verskillende terreine: sy gesinslewe, sy rykdom, sy huis en sy persoonlike lewe.

Hulle word tiranne genoem, d.w.s. geweldenaars en onderdrukkers. As hulle kinders het, is dit nie tot 'n seën (soos dit bv. in Ps. 127 beskryf word) nie, maar „vir die swaard". Hulle kom om in oorlogsgeweld. By oorlog hoort pes. Die pes sal hulle begrawe. Maar die pes doen dit nie! In tye van oorlog en pes is daar te veel dooies en te min lewendes om begrafnisse te hou. Ook is daar geen rouseremonies nie: die weduwees van die tiranne ween nie; hulle was trouens geen beminlike persone nie. Wat sy rykdom betref – dit gaan verlore en die regverdige verkry dit (vgl. Spr. 13:22). Hulle bou huise maar dit bly nie staan in die gerig nie. Soos „'n mot", soos 'n skerm van die oppasser in die wingerd, 'n slaapplekkie in 'n kommertuin (Jes. 1:8), verval dit. In een nag kom die rampe oor hom: ryk gaan hy lê en as 'n arm man ontwaak hy. (Dit pas by die verhaal van Job se rampe!) Sulke verliese skok hom; verskrikkinge oorval hom. Bildad het soortgelyke uitsprake gedoen (18:11): Sofar ook (20:28). Self gaan hy ook onder. God werp op hom sy onheile, sodat hy moet vlug. Sy bure jou hom uit en verjaag hom uit sy plek.

In verband met ons vroeëre opmerkings oor volgorde en oorlewering in die boek Job, veronderstel ek dat ook hierdie gedeelte òf van Bildad òf van Sofar is, en dat dit hier verdwaal geraak het.

*God het die wysheid* (hfst. 28)

28:1 Want vir die silwer is daar 'n plek waar dit uitkom,
en 'n plek vir die goud wat hulle uitwas.
2 Yster word uit die grond gehaal,
en koper word uit klip gegiet.
3 'n Einde maak die mens aan die duisternis,
en tot die uiterste grens deursoek hy
die klip van donkerheid en doodskaduwee.
4 Hy breek 'n mynskag, wég van hom wat bo woon;
hulle wat vergeet is deur die voet *daarbo,*
hulle hang ver van mense af,
hulle swaai heen en weer.
5 Die aarde – daar kom brood uit voort,
maar daaronder word dit omgewoel soos deur vuur.
6 Die klippe daarvan is die plek van saffiere,
en dit bevat stoffies van goud.

7 'n Pad wat die roofvoël nie ken nie,
en die oog van die valk het dit nie gespeur nie;
8 waar die trotse roofdiere nie op trap nie,
waar die leeu nie oor stap nie.
9 Hy slaan sy hand aan die klipharde rots,
hy woel die berge van die wortel af om.
10 In die rotse breek hy gange uit,
en sy oog sien allerhande kosbare dinge.
11 Hy stop waterare toe, dat hulle nie drup nie;
en wat verborge was, bring hy aan die lig.
12 Maar die wysheid – waar word dit gevind?
En waar is die plek van verstand?
13 Die mens ken nie die waarde daarvan nie,
en dit word in die land van die lewende nie gevind nie.
14 Die wêreldvloed sê: In my is dit nie;
en die see sê: By my is dit nie.
15 Fyn goud kan daarvoor nie gegee word nie,
en geen silwer as koopprys daarvan afgeweeg word nie.
16 Die goud van Ofir weeg daar nie teen op nie,
ook nie die kosbare oniksteen en saffier nie.
17 Goud en glas kan daarmee nie vergelyk word nie,
en vir goue voorwerpe ruil 'n mens dit nie.
18 Korale en kristal kan nie genoem word nie,
en die besit van wysheid is meer werd as korale.
19 Die topaas van Kus kan daarmee nie vergelyk word nie,
suiwer goud word daarteen nie opgeweeg nie.
20 Die wysheid dan – waar kom dit vandaan?
En waar is die plek van die verstand?
21 Ja, dit is verborge vir die oë van alles wat leef,
en weggesteek vir die voëls van die hemel.
22 Die plek van vertering en die dood sê:
Met ons ore het ons die gerug daarvan gehoor.
23 God weet die weg daarheen,
en Hý ken die woonplek daarvan.
24 Want Hý sien tot by die eindes van die aarde;
alles wat onder die hemel is, aanskou Hy.
25 Toe Hy vir die wind die gewig bepaal
en die waters met die maat afgemeet het,
26 Toe Hy vir die reën 'n wet gestel het
en 'n weg vir die onweerstraal,
27 toe het Hy die wysheid gesien en dit verkondig;
Hy het dit opgestel en dit ook deurvors.



28 Maar aan die mens het Hy gesê:
kyk, die vrees van die Here is wysheid;
en om van die kwaad af te wyk, is verstand.

Die spreuk van Job van hfst. 27 word in hfst. 29 voortgesit. Tussenin staan hfst. 28 met 'n eie onderwerp, nl. dat God die wysheid het. Deur hierdie volgorde word sterk die indruk gewek dat hfst. 28 'n invoegsel is. Andersyds wek die beginwoordjie „want" weer die gedagte dat hierdie hoofstuk in die redevoering moet inpas. Maar die vriende word nêrens in hierdie hoofstuk toegespreek nie. 'n Mens kan jou selfs afvra of Job, wat nou nog steeds in „geveg met God" is, geestelik op so 'n vlak beweeg dat hy die gedagtes van hfst. 28 sou kon neerskryf. Daartoe moes hy nog eers die les van die antwoord van die HERE uit hfst. 38 e.v. leer!

Die eerste woord van hierdie hoofstuk hoef trouens nie deur „want" vertaal te word nie. Dit kan ook vertaal word deur „inderdaad", „gewis" of „sekerlik". Dan kom hierdie hoofstuk meer selfstandig te staan.

As hierdie hoofstuk 'n invoegsel is, dan is dit in elk geval 'n baie paslike invoeging, gepas weens sy inhoud en op die regte plek.

Ons kan egter nie saamstem met die bewering van sommige geleerdes dat hierdie hoofstuk voortvloei uit buite-Israelitiese (Chaldeeuse of Griekse) beskouings nie. Die laaste vers van hierdie hoofstuk („die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand") sê dieselfde as wat ons lees in Pred. 12:13 en Spr. 1:7 en 9:10. Dit is 'n suiwer Bybelse gedagte!

Om straks te kan sê dat die wysheid buite ons bereik lê, begin die onbekende digter met 'n vermelding van waardevolle dinge, wat wel binne ons bereik lê.

Hy noem silwer, goud, yster, koper, saffiere. Die mense weet hoe om dit te kry, hoe moeilik dit ook gaan. Aan koorde neergelaat en „vergete deur die voet daarbo", werk die mynwerkers in die donker diepte van die aarde. Moeder aarde, wat aan ons brood verskaf, word omgewoel deur die hebsug van die goudsoekers. Waterare, ondergrondse mynwater, word toegestop. Uit die diepte waar valke met hulle skerp oë nie kan kyk nie en waar roofdiere nie kom nie, bring die mense verborge skatte aan die lig.

Dit is die enigste gedig in die Bybel oor mynbou (vgl. Deut. 8:9). Wat die mense egter ook al kan vind – nie die wysheid nie!

In die land van die lewendes word dit nie gevind nie, maar daarbuite ook nie. Die wêreldvloed (vgl. Gen. 1:2) en die see het dit ook nie. Volgens oud-Oosterse opvattings is juis die waterdiepte die

plek van die wysheid. Maar die digter van hierdie Bybelboek stem nie daarmee saam nie.

'n Mens kan die wysheid ook nie koop nie, nòg met goud of silwer, nòg met edelgesteentes soos oniks, saffier, korale, kristal, topaas. Wat 'n mens ook al vir hoë pryse kan koop, nie die wysheid nie.

„Die wysheid dan", so sê die refrein in vs. 12 en 20, „waar kom dit vandaan? En waar is die plek van die verstand (= insig, begrip)?"

Ook die doderyk, die plek van vertering, 26:6, die verderf en die dood het maar net die gerug daarvan gehoor.

Dan volg die groot teenstelling met die voorafgaande in vs. 23: God het die wysheid! „God weet die weg daarheen en Hý ken die woonplek daarvan. Want Hý sien tot by die eindes van die aarde; alles wat onder die hemel is, aanskou Hy." Hy het die wysheid gesien! En wanneer? „Toe Hy vir die wind die gewig bepaal en die waters met die maat afgemeet het, toe Hy vir die reën 'n wet gestel het en 'n weg vir die onweerstraal."

Hierdie vier bepalings het na alle skyn (veral die tweede) betrekking op die skeppingswerke van God. In hierdie mening word ons versterk deur die ooreenkomstige plek in Spreuke 8. Daar spreek die Wysheid self, as personifikasie, en sê: „toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed, toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het, toe Hy vir die see sy grens gestel het . . . toe was ek . . . naas Hom"!

Hierdie uitdrukkings sien sekerlik op God se skeppingswerke. Daarom kan dit ook in ons wysheidshoofstuk die geval wees. Die Spreukedigter is voorts baie uitvoeriger as die Jobdigter. Hy spreek ook oor die oorsprong van die wysheid. Die wysheid sê dat die HERE haar berei het as eersteling van sy weg. Sy – die wysheid – is van ewigheid af, voor alle ander dinge. En sy was naas Hom, naas God! En hoe? Ons vertaling – en baie ander vertalings – sê: „ek was 'n kunstenaar naas Hom". Baie ander vertalings sê: „troetelkind, liefling". Vir albei vertalings word bewyse aangevoer. Ons laat dit nou daar, maar merk tog op dat daar nogal 'n verskil tussen die twee vertalings is. Volgens ons vertaling kan 'n mens dink dat die wysheid God se argitek was (só ook, Good News Bible, 1976). Dit is geen onaanneemlike gedagte nie. Die Spreukedigter sê: die wysheid was toe daar. Die Jobdigter sê: God het die wysheid gesien. Dit is twee digterlike voorstellings wat nie met mekaar in stryd is nie.

Voorts gee die Jobdigter weer sy eie besonderhede wat in Spreuke



nie vermeld word nie: God het die wysheid gesien en dit verkondig; Hy het dit opgestel en ook deurvors. Hy het haar waarde geskat en benut.

Die digter het nou uitgekom by sy doel, nl. om te sê dat die wysheid alleen by God is. God het die wysheid. Hy is die alleenwyse God, Rom. 16:27. Daarby sink alle menslike redenasies in die niet – soos Job later ook sal erken.

Maar wat dan van die mense? Is hulle van alle wysheid ontbloot? Nee, God self praat daaroor met die mens en sê aan hom: „Kyk, die vrees van die Here is wysheid en om van die kwaad af te wyk, is verstand." So eindig hierdie hoofstuk met 'n suiwer Skriftuurlike stelreël. So staan dit ook in die Spreukeboek 1:7: „Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis." En in 9:10: „Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand." In hierdie woorde word die vrees van die HERE en wysheid gelykgestel. As hy die HERE vrees, sal die mens wys ook wees! Dit is die wysheid wat God vir hom bestem het in sy kreatuurlike bestaan. Dit is nie 'n surrogaat waarmee die mens by gebrek aan beter tevrede moet wees nie. Dit is 'n ideaal om na te streef. En dit kan hy nie doen buite God om nie, maar deur God te respekteer. Hy doen dit in gemeenskap met God en in die gemeenskap met God verkry hy as beelddraer van God en volgens sy profetiese amp die ware wysheid.

Die Jobdigter voeg daarby: „om van die kwaad af te wyk, is verstand." Naas godsvrug is dit ook nodig om goed te doen. Hierdie toevoeging is nie vreemd nie. Soos godsvrug heenwys na die eerste groot gebod, so die suiwere lewenswandel na die tweede. Die wysheid waarna die mens moet strewe, is om God lief te hê bo alles en die naaste soos jouself. Die wysheid is dus deur en deur religieus en eties. Die wysheid is om God se gebooie te onderhou en nie om jou eie wette te stel, om outonoom te wees nie, maar om jou oor te gee aan die wysheid van God. Alleen God is outonoom.

Met dieselfde konklusie eindig ook die boek van die Prediker: „Vrees God en hou sy gebooie."

Ten slotte merk ons op: om God te vrees en af te wyk van die kwaad – dit is wat Job gedoen het (1:1).

*Verdere spreuk van Job (2),* hfst. 29

Job sit sy „spreuk" voort met 'n beskrywing van sy vroeëre lewensomstandighede. Dis 'n hoofstuk vol mooi herinnerings. Weemoedig

verlang hy terug na daardie dae. As hy melding maak van sy vroomheid, is dit wat hy sê, ook weer sydelings 'n voortsetting van sy geveg met God, wat hom, die onskuldige, van sy geluk beroof het.

2 Ag, was ek maar soos in die vorige maande,
soos in die dae toe God my bewaar het;
3 toe sy lamp bo my hoof geskyn het,
ek by sy lig die duisternis deurwandel het;
4 soos ek was in my herfsdae
toe die verborgenheid van God oor my tent was;
5 toe die Almagtige nog by my was,
my kinders rondom my.

Wat in 1 : 1 kortliks oor hom gesê is, nl. vroom, opreg en godvresend, word nou deur homself breër omskryf.

Die eerste waaraan hy met heimwee terugdink, is sy gemeenskap met God. God het hom bewaar. Daaraan het hy sy geluk te danke gehad. Hy was onder God se hoede. Die lamp van God het bo sy hoof geskyn. 'n Lamp is die beeld van voorspoed en geluk. Die lamp bo die goddelose gaan dood, 18 : 6; vgl. ook 21 : 17. Maar bo Job het God se lamp geskyn, God self het sy lewe en voorspoed in stand gehou. In moeilike omstandighede, in duisternis, kon Job in daardie lig voortwandel. Die HERE het die duisternis opgeklaar (Ps. 18 : 29). Met „herfsdae" bedoel Job sy lewensrypheid, die gevestigde posisie in sy woonplek. Toe was die verborgenheid van God oor sy tent. Hy het die innerlike omgang met God geken. „Gods geheim'nis is die lewe vir wie wandel in sy vrees" (Ps. 25). Hierdie lewensfeer was oor sy tent, oor sy huislike en persoonlike lewe. Die Almagtige was by hom! Hierdie woorde het 'n mistieke klank. So het hy gelewe met sy kinders rondom hom (vs. 5b). Die kinders het 'n vrome vader gehad en die vrome vader wou sy kinders ook in sy vroomheid betrek. Dit blyk ook uit die offers wat hy vir hulle gebring het (1 : 5). Die herinnering aan sy kinders was baie smartlik vir Job : hulle is nie meer daar nie!

6 toe my voetstappe gewas is in dikmelk
en die rots by my strome van olie uitgegiet het.

Job gaan hier voort met herinnering aan sy stoflike voorspoed. Hy het oorvloed gehad van room (dikmelk) en olie. Olyfbome groei op rotsige bodem. Dit het vir Job gelyk asof die rotse olie in strome uitgegiet het.



7 Toe ek uitgegaan het na die poort, op na die stad toe,
op die markplein my sitplek reggemaak het,
8 het die seuns weggekruip as hulle my sien,
en grysaards het hulle opgerig en bly staan.
9 Vorste het hulle woorde ingehou
en die hand op hul mond gelê.
10 Die stem van edeles is teruggehou
en hulle tong het gekleef aan hul verhemelte.
21 Na my het hulle geluister vol verwagting
en hulle het stil my raad aangehoor.
22 Ná my woorde het hulle nie weer gespreek nie
en my rede het op hulle gedrup.
23 Hulle het op my gewag soos op reën,
en hulle mond wyd oopgemaak soos vir lentereëns.
24 Ek het hulle toegelag as hulle moedeloos was,
en hulle kon die lig van my gesig nie verdonker nie.
25 Het ek die weg na hulle toe gekies,
dan sit ek as voorman en woon soos 'n koning onder die skare,
soos een wat treuriges vertroos.

In vs. 7–10 en daarna in vs. 21–25 dink Job terug aan sy aansien in die samelewing. Hy was 'n gesiene man in die poort, dit is die plek waar die hoëlui vergadering gehou het. Daar het sy bediendes sy sitplek geplaas en iedereen was vol ontsag. Sy woorde was deurslaggewend, vorste het die hand op die mond gelê, d.w.s. eerbiedig geswyg. Maar sý woorde het 'n weldadige uitwerking gehad.

Hy het soos 'n koning daar gesit. Die moedeloses het hy bemoedig en hulle benoudheid was nooit so groot dat Job self bekommerd moes wees en geen uitkoms gesien het nie.

Hy het treuriges vertroos. In Jes. 61 : 2 word dit van die Messias gesê. Die ware Christen weerkaats die lig van Christus. Die gelowiges is mos lig in die Here en wandel soos kinders van die lig (Ef. 5 : 8).

11 Want het 'n oor net gehoor, dan prys dit my gelukkig;
en het 'n oog net gesien, dan gee dit vir my getuienis.
12 Want ek het die ellendige gered wat om hulp geroep het
en die wees en hom wat geen helper het nie.
13 Die seën van hom wat klaar was om onder te gaan,
het op my gekom
en die hart van die weduwee het ek laat jubel.
14 Die geregtigheid was my kleed, en ek sy kleed;
my reg was soos 'n mantel en 'n tulband.

15 Oë was ek vir die blinde,
en voete vir die lamme was ek.
16 'n Vader was ek vir die behoeftiges;
en die regsaak van hom wat ek nie geken het nie,
het ek ondersoek.
17 En ek het die tande van die kwaaddoener stukkend gebreek
en die buit uit sy gebit geslinger.
18 So het ek dan gedink:
by my nes sal ek die asem uitblaas
en soos die feniks my dae vermenigvuldig.
19 My wortel staan oop na die water toe,
en dou vernag op my tak.
20 My eer is altyd nuut by my,
en my boog bly jonk in my hand.

Die mense wat van Job hoor en hom ontmoet, prys hom, want hulle verneem van sy hulp aan ellendiges. Hy het sy sosiale verpligtings verstaan en noem dit geen barmhartigheid nie, maar *geregtigheid!* Hy sê: „die geregtigheid was my kleed". Sy geregtigheid is sy houding jeens sy medemens. Die uitoefening van die geregtigheid word hier voorgestel deur die beeld van die aantrek van 'n kleed. Met hierdie beeld word aangedui hoe ernstig en intensief 'n mens iets kan doen. Sy klere is mos een met hom en tipeer hom, is eie aan hom. Die beeld word ook gebruik in Ps. 132:9; soms met vermelding van die naam van die kledingstuk, bv. gordel (Jes. 11:5), soos ook in ons teks: mantel en tulband. Breedvoerig word hierdie beeld ten opsigte van God self uitgewerk in Jes. 59:17. Dieselfde beeld word ook in die Nuwe Testament gebruik vir die eenheid tussen Christus en sy gelowiges (Rom. 13:14; Gal. 3:27: „met Christus beklee") en vir hulle lewensverandering deur die geloof (Ef. 4:22; Kol. 3:10: beklee met die nuwe mens; met onverganklikheid en ontsterflikheid, I Kor. 15:53).

Job voeg nog by: „en ek sy kleed". Hy gebruik die beeldspraak dus ook in wederkerige sin: hy is met geregtigheid beklee en die geregtigheid met hom. Die geregtigheid kry *gestalte* in hom! (Vgl. Gal. 4:19!)

Job het ook kragtig hulp verleen, soos hy in vs. 15–17 sê.

Omdat Job so geleef het, het hy gedink dat sy einde in vrede sou wees, dat hy by sy nes sou sterwe, d.w.s. sonder steurnis die lewe beëindig. Verder sê hy nog: „soos die feniks my dae vermenigvuldig." „Feniks" is egter 'n vreemde element in 'n Hebreeuse teks, 'n Griekse element. In die Hebreeuse teks staan „sand". Dit maak ook goed



sin, want sand is die beeld van veelheid, van veelheid van mense (Gen. 22:17) maar ook van iets anders, bv. koring (Gen. 41:49), voëls (Ps. 78:27); in ons teks dan van dae. Die vertaling deur feniks is 'n navolging van latere rabbyne wat aan die Griekse feniks-sage (die voël wat uit sy as herrys) gedink het. Die „nes" uit die eerste helfte van die vers kon hulle op die gedagte bring. Hulle bewysvoering vir die vertaling van die Hebreeuse woord wat gewoonlik sand beteken deur feniks, is egter swak. Voorts is dit twyfelagtig of (nie die latere rabbyne nie) die digter van die boek Job met die Griekse sage bekend was. Dit is dus beter om te vertaal „soos sand (korrels)". Die volgende verse (19, 20) bied weer suiwer Hebreeuse beelde: water, dou, en boog, die simbool van krag.

So het Job dan gedink. En so sou dit inderdaad uiteindelik ook wees (hfst. 42)! Maar op die oomblik lyk dit nie so nie!

*Verdere spreuk van Job (3)* hfst. 30

1 En nóu lag hulle wat jonger is as ek, my uit –
mense wie se vaders ek te min geag het
om by my herdershonde te sit.
2 Wat sou die krag van hulle hande my ook baat?
Die frisse lewenskrag het by hulle verlore gegaan.
3 Hulle is uitgeput deur gebrek en honger,
hulle wat die dor land afknaag
in die donkerheid van woestheid en verwoesting;
4 hulle wat die soutkruid afpluk by die bossies,
en die besemboswortel is hulle brood.
5 Uit die samelewing word hulle weggejaag;
die mense skreeu oor hulle soos oor 'n dief.
6 In die afgryslike klowe moet hulle woon,
in gate in die grond en in rotse.
7 Tussen die bossies skreeu hulle,
onder brandnekels kruip hulle bymekaar –
8 dwase, ja, eerlose mense
wat met 'n sweep uit die land geslaan word.
9 En nou het ek hulle spotlied geword
en die onderwerp van hulle gepraat.
10 Hulle het 'n afsku van my,
staan op 'n afstand van my af
en ontsien nie om my in die gesig te spuug nie.

Met „en nóu" word die teenstelling tussen vroeër en die huidige ingelei. Pleks van eer te ontvang, word hy nou uitgelag en dit nog deur jongeres. Reeds in 19 : 18 het hy daaroor gekla. Die wet beveel dat ou mense geëer moes word (Lev. 19:18), maar ten opsigte van Job word hierdie wet nie in ag geneem nie. Om aan so 'n toonbeeld van ellende, soos Job was, eer te bewys, lyk onmoontlik.

En watter jongeres was hulle! Geen kinders van aansienlikes nie. Hulle vaders „het ek te min geag om by my herdershonde te sit". (Dit is die enigste plek in die Bybel waar van herdershonde sprake is.) Dit is 'n Oosterse eienskap om iemand te beoordeel volgens die posisie van sy vader. Die bespotters van Job is dus minderwaardige mense, mense van 'n baie swak tipe. Hulle beteken ook te min om vir Job te werk. Hulle is die parias in die maatskappy: verstotelinge, verskoppelinge. Job gee 'n uitvoerige beskrywing van hulle: hulle is hongerig, verswak, verjaag, diefagtig, eerloos. (In 24:4–8 staan 'n dergelike beskrywing van sulke sukkelaars, dáár as gevolg van onderdrukking deur geweldenaars.) Hierdie tipe mense waag dit nou om Job te bespot, só groot is sy vernedering.

11 Want Hy het my boogsnaar losgemaak en my verneder;
so het hulle dan teenoor my die teuel laat skiet.
12 Aan die regterhand staan die gespuis op;
hulle stoot my voete weg
en gooi hul onheilspaaie teen my op.
13 My pad verniel hulle,
hulle help om my te laat val
sonder dat hulle self 'n helper het.
14 Soos deur 'n wye bres kom hulle;
te midde van die puinhope kom hulle aanrol.
15 Verskrikkinge is teen my gerig;
hulle vervolg my hoogheid soos die wind,
en soos 'n wolk het my geluk verbygegaan.

In vs. 11 kom daar 'n wending in Job se klag; hy betrek God daarin: „*Want* Hy het my boogsnaar losgemaak." Job het gedink dat sy boog, simbool van krag, jonk sou bly (29:20), maar die boogsnaar word losgemaak; dan is die boog waardeloos. En dit is God wat dit gedoen het. Dan kan die spotters ook maar onbeteueld hulle gang gaan. Gespuis noem hy hulle. Blykbaar het hulle ook die ellende van Job toegeskryf aan sy sonde, want hulle staan aan sy regterhand en dit is die plek van die aanklaer (kyk Sag. 3:1 en Ps. 109:6)! En hulle stamp hom opsy, asof hy sonder reg is. 'n Skuldige is mos reg-



loos! Job het geen grond meer onder sy voete nie! Sy beskuldigers bring hom tot 'n val sonder regshulp. Dit is by Job nie nodig nie. Met hierdie woorde sê Job dat sy veroordeling onregverdig is.

Hy vergelyk sy ondergang met die val van 'n beleërde stad. Dit het hy vroeër ook al gedoen (16:14, „Bres op bres breek Hy in my; Hy loop my storm soos 'n held"). Toe het God dit gedoen, nou maak sy beskuldigers so. Net verskrikkings omring vir Job. Dan val die stad! Sy waardigheid verdwyn, soos 'n wolk gaan sy geluk verby.

Die toestand van Job word nou bitter swaar en uitsigloos. Hy sug daaroor in vs. 16 e.v.

16 Daarom stort my siel hom nou uit in my;
dae van ellende hou my vas.
17 Die nag deurboor my gebeente, en dit val van my af;
en my knaende pyne rus nooit nie.
18 Deur goddelike oormag is my kleed ontredder;
soos die kraag van my lyfrok omspan dit my.
19 Hy het my in die modder gewerp,
en ek het soos stof en as geword.
20 Ek roep U aan om hulp,
maar U antwoord my nie;
ek staan daar, en U staar my aan.
21 U is jeens my verander in 'n onbarmhartige;
deur die sterkte van u hand behandel U my as vyand.
22 U hef my op die wind, laat my daarop ry;
en U laat my vergaan in stormgedruis.
23 Want ek weet: U wil my na die dood toe bring
en na die huis waar al wat lewe, saamkom.
24 Maar sal iemand by die ineenstorting nie nog die hand uitsteek
of by sy ondergang om dié rede om hulp roep nie?
25 Of het ek nie geween oor hom wat harde dae het nie?
Was my siel nie bekommerd oor die behoeftige nie?
26 Want ek het op die goeie gehoop, en onheil het gekom;
en ek het gewag op lig, en donkerheid het gekom.
27 My ingewande kook sonder ophou;
dae van ellende het my teëgekom.
28 Ek gaan daarheen in die rou, sonder son;
ek staan op in die vergadering, ek roep om hulp.
29 Ek het 'n broer geword vir die jakkalse
en 'n vriend vir die volstruise.

30 My vel het swart geword en val van my af,
en my gebeente gloei van hitte.
31 So het dan my siter 'n rouklag geword
en my fluit 'n stem van die wat ween.

Die toestand van Job, sowel liggaamlik as geestelik, het nou uitsigloos geword. Hy kla bitterlik daaroor. Sy siel smelt weg in trane. Elke dag is 'n dag van ellende, hoe lank alreeds! En elke nag is 'n nag van pyn. Deur die harde greep van God hang sy klere verslons aan sy lyf. Stof kleef aan sy seer ledemate. Dis Gód wat dit doen! En as Job tot Hom roep, dan antwoord Hy nie, maar gaan met sy onbarmhartige kwellings deur. Hy behandel Job asof hy 'n vyand is. En Job is magteloos asof hy deur 'n windvlaag opgehef word om hom te pletter te val onder stormgedruis. Ek weet, sê Job tot God, wat u bedoeling is. Hy het dit reeds vroeër gesê (9:28, 10:13). God wil hom doodmaak en na die huis bring waar al wat lewe saamkom, na die doderyk toe! Dis 'n bitter verwyt vol verset teen God. Dis 'n beskuldiging. Job sê wel „ek weet" – maar hy is verkeerd! Hy weet nie! Maar hy bedoel eintlik maar om te sê dat God dit nie kan, nie mag doen nie. Hy hoop mos op God – hy hoop dat God sal sê, „nee Job", maar God swyg. As verontskuldiging vir sy harde woorde sê Job dat iemand wat op die punt staan om onder te gaan, tog sy hand uitsteek om gehelp te word, om 'n strooihalm te gryp! En kan hy nie verwag om gehelp te word nie? Hy het self tog ook geween oor mense wat in ellende verkeer? Hy was tog bekommerd oor die verdruktes? Waarom is daar dan vir hom geen genade nie? Maar donkerheid daal oor sy lewe neer. Daar is geen straaltjie sonskyn nie. Sy ingewande kook, d.w.s. sy gemoed is onstuimig. Sy geselskap is jakkalse en volstruise en hy skreeu soos hulle (vgl. Miga 1:8). Die Oosterling leef en werk met musiek, maar Job se musiekinstrumente is rouklag en geween. Op droewige toon eindig Job se weeklag, vol herhaling van vroeëre klagte; byna eentonig – vir die gevoellose leser, nie vir die lyer self nie! En altyd rig hy hom tot God met sy klagte. Altyd het hy met God te doen! Sy woorde klink opstandig, weerstrewig (23:2). Tog is opstandigheid hier nie die regte tipering nie; hy veg met God om verklaring. In smartlike verbasing vra hy hoe God hom dit kon aandoen!





31:1–4 Ek het 'n verbond gesluit met my oë:
hoe sou ek dan ag gegee het op 'n jonkvrou?
Wat tog is die lot wat God daarbo beskik,
en die erfdeel van die Almagtige uit die hoogtes –
is dit nie ondergang vir die kwaaddoener
en ongeluk vir die werkers van ongeregtigheid nie?
Sien Hý nie my weë nie,
en tel Hy nie al my voetstappe nie?

In hierdie hoofstuk kom die uitsprake van Job op 'n end. Sy laaste uitspraak is nie 'n klag nie, dit is meer 'n reeks van plegtige verklarings dat hy onskuldig is. Die eerste daarvan is vs. 1–4.

Job sê dat hy 'n verbond gesluit het met sy oë. 'n Verbond is 'n afspraak tussen twee partye, maar alle verbonde is nie van dieselfde aard nie. Daar is verbonde tussen twee gelykwaardige partye, vriendskapsverbonde, soos tussen Abraham en Abiméleg (Gen. 21:28) of tussen Dawid en Jonatan (I Sam. 23:18). 'n Ander geval is dat die een party sterker is as die ander een en dat die sterker party die swakkere dwing tot 'n verbond waarin hy bepaalde verpligtings op hom lê. 'n Voorbeeld hiervan is die afspraak van Nahas, die Ammoniet, met die manne van Jabes (I Sam. 11:1). Die verbond van Jójada met die Judese offisiere was 'n opdrag, 'n gebod (II Kon. 11:4). So moet ons die verbond van Job met sy oë ook opneem. Dit was 'n opdrag, 'n gebod aan sy oë. Dit is 'n figuurlike voorstelling, waarin die oë optree asof hulle persone is. Uit die volgende sin blyk wat die verbond, wat die opdrag behels het. Job sê: „Hoe sou ek dan ag gegee het op 'n jonkvrou?" Met hierdie vraag bedoel hy dat hy dit kragtens die verbond nie gedoen het nie. Job het homself bedwing – daarop kom dit neer – om begerig te kyk na wat nie syne was nie. Die verbond met die oë omvat alles wat in die Nuwe Testament „wêreldse begeerlikhede" genoem word (Tit. 2:12). Job noem egter net een geval: 'n jonkvrou. As gevestigde burger en gesinshoof het hy nie na meisies gekyk nie. Hierdie een voorbeeld wat Job noem, is 'n treffende bewys van sy fyn etiese begrip.

Mog Job nie na 'n jonkvrou kyk nie? Haar nie begeer en neem nie? Volgens Oosterse begrippe wel! Die reël daar was dat 'n vrou slegs aan een man kon behoort, maar 'n man kon neem wie hy wou hê en kon kry, mits dit nie 'n ander man se vrou was nie.

'n Jonkvrou is 'n ongetroude vrou. Tog het Job nie op haar ag geslaan nie.

Bogenoemde poligamiese beskouing moet, net soos egskeiding, gereken word tot die dinge wat toegelaat word weens die hardheid van die hart. „Van die begin af was dit nie so nie" (Matt. 19:8). Job se uitspraak staan op monogame standpunt.

Job is dus, so sê hy, onskuldig aan en vry van sonde op die gebied van die huwelikslewe. Hy is 'n rein man. Dat hy dit nie in oppervlakkigheid sê nie maar in die volle besef van die betekenis daarvan, blyk uit die figuurlike uitdrukking wat hy gebruik: 'n verbond met sy oë. Hy besef die betekenis en werking van die oog. Van werklikhede wat Jesus later onder woorde gebring het, het hy besef gehad. So byvoorbeeld dat die oog jou laat struikel (Matt. 18:9) en dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, in sy hart reeds egbreuk met haar gepleeg het (Matt. 5:28). Jesus wis wat in die mens is (Joh. 2:25). Job verklaar hier dus dat hy nie alleen van daadwerklike oortreding vry is nie, maar ook dat hy die innerlike sondige begeerte uit sy hart weer, wat Johannes noem „die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë" (I Joh. 2:16).

Job gaan voort met twee retoriese vrae (vs. 2 en 3) wat, positief gestel, beteken dat die ondergang van die kwaaddoener en ongeluk vir die werkers van ongeregtigheid deur God beskik is. Dit is 'n algemene uitspraak (vs. 4), maar Job pas dit op homself toe met die vraag: „Sien Hý nie my weë nie?" In hierdie vraag is 'n verwyt aan God! Hy bedoel dat Hy so suiwer leef en wat doen God aan hom? Is hy dan 'n kwaaddoener of 'n werker van ongeregtigheid? God sien tog sy weë?

Job veg nog steeds met God!

5 As ek met leuens omgegaan het
en my voet gehardloop het na bedrog:
6 laat Hy my dan weeg op 'n regte weegskaal,
sodat God my onskuld kan weet!
7 As my gang afgewyk het van die weg
en my hart agter my oë aangegaan het
en aan my hande 'n vlek gekleef het –
8 laat my dan saai en iemand anders eet,
en laat my uitspruitsels ontwortel word.

In hierdie hoofstuk tref ons baie sinne aan wat begin met *as*. Hiermee veronderstel Job 'n moontlike sonde wat hy sou kon gedoen het. In die hoofsin volg dan 'n uitspraak waarmee hy verklaar dat hy die veronderstelde sonde tog nie gedoen het nie. So volg die wens dat God hom op 'n regte weegskaal weeg, op die veronderstelling dat



hy hom sou skuldig gemaak het aan leuen en bedrog. (Die HERE weeg mos die gange van die mense, Spr. 5:21). Dit sal dan tot gevolg hê dat God kan vasstel dat hy onskuldig is. Job kan dit veilig waag dat God hom weeg!

Die hoofsin bevat meesal 'n verwensing. Dit is die geval in die volgende sin (vs. 7 en 8). Job veronderstel daar verskillende oortredings, o.m. dat hy deur sy oë verlei is. Hy is sterk bewus van die „begeerlikheid van die oë"! Op die veronderstelling volg dan 'n verwensing: dat iemand anders sy oes eet en dat sy veldgewas uitgeroei word. Hy noem rampe wat in die wet van Moses vermeld word as strawwe op die oortredinge van die volk Israel, bv. tevergeefs saai, omdat vyande dit, naamlik die oes, opeet (Lev. 26:16; Deut. 28 : 30, 33; vgl. ook Miga 6 : 15).

Hierdie sinne met „as" en daarna 'n verwensing, is plegtige ontkennings wat feitlik die karakter dra van eedformules. „As . . ." is dan gelyk aan, ek sweer dat iets nie so is nie.

9 As my hart verlok was oor 'n vrou,
en ek geloer het by die deur van my naaste –
10 laat dan my vrou vir iemand anders maal
en ander hulle oor haar buig.
11 Want dit is 'n skandelike daad,
en dit is 'n strafbare misdaad.
12 Ja, dit is 'n vuur wat tot by die plek van vertering toe vreet
en al my opbrengs sou ontwortel.

In hierdie derde onskuldbetuiging verklaar Job dat hy vry is van elke poging tot owerspel. Hy probeer nie om die vrou van sy naaste in haar huis te bespied nie, soos wat die Benjaminiete in die wingerde geloer het (Rigt. 21:20). Die verwensing is dan dat sy vrou vir iemand anders maal. Om koring te moet maal, is veragtelike arbeid. In die opsomming van Ex. 11:5 staan „die slavin agter die handmeul" op die laagste plek. In die antieke literatuur is „maal" dikwels 'n woord vir seksueel verkeer. Job kan hierdie obsene betekenis van die woord ook bedoel. Die volgende woorde „en ander hulle oor haar buig" pleit vir hierdie opvatting. Wanneer die vrou dit moet verduur, is dit 'n smaad vir haar man. Die straf geskied dan volgens die vergeldingsreg: as jy 'n ander se vrou onteer, sal jou eie vrou onteer word.

Ná die verwensing volg nog 'n uitweiding oor die verskriklikheid van hierdie sonde: dit is 'n skandelike daad en 'n strafbare misdaad. Laasgenoemde word nie gesê van „ag gee op 'n jonkvrou" (vs. 1)

nie. Maar van owerspel wel! Dit verteer jou soos 'n vuur (kyk Spr. 6:20–35; 7:25–27), en ontwortel jou opbrings; dit tas ook jou maatskaplike welstand aan.

13 As ek gering geag het die reg van my slaaf of van my slavin
toe hulle 'n geskil met my gehad het –
14 wat sou ek dan doen as God opstaan?
En wat Hom antwoord as Hy ondersoek doen?
15 Het Hy wat my in die moederskoot gemaak het,
hom nie gemaak nie?
En het Een ons nie in die geboorte toeberei nie?

By hierdie vierde onskuldbetuiging voeg Job nie 'n verwensing nie, maar 'n betekenisvolle uitweiding oor die aard van die sonde wat hy noem. Dié sonde is geringskatting van die reg van sy slaaf of slavin in die geval van 'n geskil met hom.

In hierdie teks tref ons 'n paar positiewe gegewens aan. Ten eerste dat die verhouding heer-slaaf sonder kritiek aanvaar word. Verder dat die slaaf en die slavin regte het en dan dat hulle 'n geskil met hulle heer kan kry. In hierdie geval kan die heer as die vernamere en sterkere party onwillig wees om na hulle te luister. Maar daar is geen rede vir aansienlikes om hulle klagtes te ignoreer nie! As hulle dit tog doen, kom daardeur 'n verkeerde lewenshouding aan die lig! Job besef as hy so sou maak, hy in groot verleentheid sou kom wanneer God opstaan. Dat God „opstaan", beteken dat God hom met die saak gaan bemoei (vgl. 19:15) en vir die regte van die slaaf en die slavin intree. Job sal dan niks tot sy verdediging kan aanvoer nie. Waarom nie? Omdat slaaf en slavin net soos Job maaksels van God se hande is. Heer en slaaf het dieselfde Skepper! Ons sou daaraan nog kon toevoeg: albei is geskape na die beeld, na die gelykenis van God. Maar daarvan word in ons teks geen melding gemaak nie. Op die feit dat hy God se maaksel is, het Job self ook gepleit om verhoring by God te vind (10:8–12). Maar wat hy vir homself verwag, kan hy vir sy slaaf ook verwag: God luister na hom! Maar as Job nie na sy slaaf luister nie, sal God dan na Job luister? Hier geld dieselfde reël as wat by die vergewing geld: „as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie" (Matt. 6:15).

Ongetwyfeld getuig Job hier van die gelykheid van alle mense. Dit blyk egter duidelik in watter opsig hulle gelyk is, nl. daarin dat God hulle gemaak het. Maar God het hulle verskillend gemaak. Daar is onder hulle groot verskeidenheid. Rykes en armes ontmoet mekaar,



die HERE het hulle almal gemaak. (Spr. 22:2). Maar hoedanig is die ontmoeting?! Hoe dit moet wees, sê Job in die uitspraak van ons teks. Die Here sit ook die een in die posisie van 'n heer, die ander in die posisie van 'n kneg, maar teenoor mekaar moet hulle „dieselfde" doen – Ef. 6:9 – want by God is geen aanneming van die persoon nie. Volkome gelykstelling is daar net in die doderyk (3:19).

As Job sy slaaf met toewyding aanhoor, bly die slaaf tog sy slaaf.

Dit is ook so op die terrein van die wedergeboorte. Die gelowiges is almal „in Christus" (Gal. 3:28). Daar is geen Jood of Griek nie, geen slaaf of vryman nie, daar is geen man en vrou nie, want hulle is almal een in Christus. Maar die man bly man en word nie 'n vrou nie; en die vryman bly vryman, die slaaf slaaf; Onésimus word deur Paulus teruggestuur en dan is „meneer" Filémon en sy slaaf Onésimus broeders in die Here! (Filémon vs. 16).

16 As ek die armes 'n versoek geweier het
en die oë van die weduwee laat versmag het
17 en my stukkie brood alleen geëet het
sonder om die wees daarvan te laat saameet;
18 (veelmeer het hy van my jeug af by my grootgeword
soos by 'n vader,
en van my moeder se skoot af het ek haar gelei! )
19 As ek iemand sien omkom het sonder klere
en dat daar geen bedekking vir die behoeftige was nie;
20 as sy lendene my nie geseën
en hy hom nie warm gemaak het
van die skeersel van my lammers nie;
21 as ek my hand teen 'n wees beweeg het,
omdat ek in die poort vir my hulp gesien het –
22 laat dan my skouer uit sy gewrig val
en my arm van sy pyp afgebreek word.
23 Want die ondergang wat God bewerk,
was 'n skrik vir my;
en weens sy hoogheid was ek onmagtig.

In verse 16 en 17, die vyfde onskuldbetuiging, spreek Job oor die sonde van onbarmhartige behandeling jeens armes, weduwees en wese. As ek die onbarmhartigheid begaan het, dan . . . Maar hier volg geen verwensing nie. Die hoorder of leser kan dit maar in sy gedagte byvoeg. Ook sonder 'n uitgesproke verwensing is die sin met „as" 'n duidelike verklaring. Job sê wel dat hy die omgekeerde gedoen het: hy het altyd vir hulle sorg gedra (vs. 18).

In die sesde onskuldbetuiging stel Job die geval dat hy iemand sien wat geen klere het om hom teen die koue te beskerm nie (vs. 19). Hy reageer hier op die woorde van Elifas in 22:6, 7. Dan volg 'n sin met „as nie". Soos die sinne met „as" dien om iets te ontken, so dien die sinne met „as nie" om iets te bevestig. So verklaar Job dan in vs. 20 dat die lendene van die behoeftige hom geseën het! Die lendene word hier dan persoonlik voorgestel. Hulle was verkluim, maar het warm geword met wolklere, van Job se lammers gemaak; daarom seën hulle Job!

In die sewende onskuldbetuiging verklaar Job dat hy geen onreg in die poort gedoen het nie, d.w.s. by 'n regsitting. Sy mederegters sou hom dit miskien nie belet het nie. Dit is nie maklik om teen 'n vername man soos Job te praat nie. Maar Job het van so 'n geleentheid nooit misbruik gemaak nie, maar die weerlose weeskind beskerm.

Nou volg weer 'n verwensing wat miskien ook op die twee voorafgaande verklarings betrekking het: laat my skouer uit die gewrig val en my arm gebreek word. Job voeg daarby nog dat hy so gehandel het uit vrees, eerbied vir God (vs. 23).

24 As ek op goud my hoop gestel het
en vir die fyn goud gesê het: My vertroue!
25 As ek bly gewees het, omdat my vermoë groot was
en my hand baie verwerf het;

In die agste (vs. 24) en negende (vs. 25) onskuldbetuiging ontken Job dat hy skuldig sou staan aan 'n materialistiese lewensbeskouing. Hy noem hier 'n suiwer geestelike sonde. Hy veroordeel nie rykdom as sodanig nie, maar wel om jou vertroue daarop te stel. Dit kan die arme ook doen, òf op die weinige wat hy het, òf op die baie wat hy begeer. Die HERE sal jou vertroue wees (Spr. 3:26). Vertroue op aardse goedere neem die vertroue op die HERE weg (Spr. 30:8, 9). Job reageer hier op die woorde van Elifas in 22:24, 25. Die negende betuiging lê nog meer nadruk op die geestelike karakter van hierdie sonde. Job ontken nie dat rykdom vreugde kan verskaf nie, maar wel dat rykdom die bron van sý vreugde was. Die opregtes van hart is bly in die Here (Ps. 32:11).

26 as ek die sonlig aangesien het
wanneer dit helder skyn
en die maan wat so pragtig daarheen gaan,



27 en my hart heimlik verlei is,
en ek met my hand hulle 'n kus toegewerp het –
28 ook dit sou 'n strafbare misdaad wees,
want ek sou God daarbo verloën het.

In die tiende onskuldbetuiging verklaar Job plegtig dat hy die hemelliggame nie aanbid het nie. Dit is 'n sonde wat in die wet verbied word (Deut. 4:19). Koning Manasse het hierdie vorm van afgodery ingevoer (II Kon. 21:3). In die ou Ooste was hierdie aanbidding algemeen. In sy bewoording laat Job uitkom dat 'n bekoring uitgaan van die skitterende hemelligame: „wanneer dit helder skyn" en „so pragtig daarheen gaan", maar hy het hom nie heimlik daardeur laat verlei nie. Hy het hulle geen kus met sy hand toegewerp nie! Dit was 'n vorm van verering, ook van Baäl (I Kon. 19:18) en die „kalwers" (Hos. 13:2).

By hierdie betuiging voeg Job geen verwensing nie, maar wel 'n uitweiding oor die strafbaarheid van hierdie sonde (Deut. 17:2–7) en dat dit 'n verloëning van God is, die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid (Rom. 1:25).

29 As ek bly was oor die ongeluk van my hater
en uitgejubel het toe onheil hom getref het;
30 (ja, ek het my verhemelte nie toegelaat om te sondig nie,
om deur 'n vloek sy lewe te vorder nie!)

Die elfde onskuldbetuiging is weer sonder verwensing en bevat 'n uitweiding oor sy suiwerheid met betrekking tot die genoemde sonde. Dié sonde is leedvermaak. Job was nie bly oor die ongeluk van sy hater nie en het hom nie vervloek nie. Andere het wel vervloekings uitgespreek – kyk byvoorbeeld Ps. 109. Daar gaan dit oor die goddelose; maar Job het die oog op persoonlike verhoudings en daarin sal die HERE self die wreker wees.

31 as die mense in my tent nie gesê het:
Wie kan iemand vind wat van sy vleesspys nie
versadig is nie?
32 die vreemdeling het nie buitekant vernag nie;
my deure het ek oopgemaak na die pad toe!

Hierdie twaalfde onskuldbetuiging is in die vorm van 'n as-nie-sin 'n positiewe verklaring dat Job se gaste getuig het van sy mildheid.

Daar volg geen verwensing nie maar 'n uitweiding oor sy gasvryheid, in vs. 32.

33 as ek, soos Adam, my oortredinge bedek het
deur my ongeregtigheid in my boesem weg te steek,
34 omdat ek bang was vir die groot menigte
en die veragting van die geslagte my laat skrik het,
sodat ek my stil gehou, die deur nie uitgegaan het nie!

Die sondes waarvan Job in die dertiende onskuldbetuiging homself vry pleit is huigelary en skynheiligheid. Hy het dit nie „soos Adam" gedoen nie, wat dit dan wel gedoen het. Dit is egter 'n vraag of hierdie vertaling reg is. Die Hebreeuse woord „adam" beteken, as soortnaam, *mens* (kyk by Gen. 1:26; 4:1), maar word later 'n eienaam. Daarom kan in ons teks ook vertaal word: soos 'n mens, wat dan beteken: op eg menslike wyse. Laat ons sien hoe Job die sonde wat hy bedoel, omskryf: oortredinge bedek. Dit lyk inderdaad na wat Adam in die tuin van Eden gedoen het. Job praat hier egter ook van vrees vir mense, „bang vir die groot menigte". Ook sou hy deur „geslagte", families, geminag word. Daarvoor sou hy hom dan verberg het. Uit die vermelding van menigte en families blyk dat Job in 'n taamlike groot gemeenskap verkeer het. Dit was met „Adam" nie die geval nie. Daarom vertaal ons liewer: „op menslike wyse".

38 As my saailand my aanklaag
en sy vore almal saam ween;
39 as ek sy opbrings geëet het sonder betaling
en die lewe van sy eienaars uitgeblaas het –
40 laat dan distels in plaas van koring uitspruit
en onkruid in plaas van gars.

In hierdie verse pleit Job hom vry van onreg wat hy jeens sy saailande sou begaan het. Sy landerye word voorgestel as persone wat ween oor slegte behandeling. Onder die onreg aan landerye kan genoem word: onreëlmatige handelinge by verkoop of verpanding waardeur oorspronklike eienaars hulle bestaansmoontlikheid verloor het; uitbuiting van arbeidskragte, roofbou. Die inhoud van die verwensing pas goed by die genoemde sonde (vs. 40).

Ons laat hierdie verse aansluit by vs. 34. Die verse tussenin dra 'n ander karakter. In die oorleweringsproses kan 'n verskuiwing in volgorde plaasgevind het. Dan is hierdie verse die veertiende on-



skuldbetuiging. Hierdie simboliese getal, twee maal sewe, pas goed by hierdie plegtige reinigingsede.

35 Ag, as iemand my maar wou aanhoor!
Kyk hier my handtekening
(laat die Almagtige my antwoord! )
en die skrif wat my teëparty geskrywe het!
36 Waarlik, op my skouer sou ek dit dra;
ek sou dit my ombind as 'n krans.
37 Die getal van my voetstappe sou ek Hom te kenne gee;
as 'n vors sou ek na Hom toe aankom.

Hierdie verse is dan die slot van hfst. 31.

Hierdie woorde begin met 'n wens: „Ag, as iemand my maar wou aanhoor! " In die wens lê die klag opgesluit dat niemand hom aanhoor nie. Die vriende het hom wel aangehoor, maar nie met welwillendheid nie. Job bedoel egter dat God hom moet aanhoor; hy gaan voort met: „laat die Almagtige my antwoord! " Herhaaldelik het Job gevra dat God na hom moet luister: „Ag, as ek maar geweet het waar ek Hom kon vind, maar kon kom tot by sy woning" (23:3; vgl. verder 13:3; 16:18; 19:7). Daarvoor veg Job: om met sy God in kontak te kom, die God wat hom verlaat het en soos 'n vyand behandel!

Waarom wil hy God ontmoet? Dit sê hy ook: „Kyk hier my handtekening." Daarop moet hy antwoord hê van die Almagtige. Omdat die vermelding van sy handtekening onmiddellik volg op sy onskuldbetuigings, sal die „handtekening" daarop betrekking hê. Die handtekening is die waarborg dat 'n stuk eg is! Job betuig daarmee dat sy onskuldbetuigings betroubaar is. Die uitdrukking sal wel figuurlik opgeneem moet word. Daar word in hierdie verse nog van 'n skrifstuk melding gemaak: die skrif wat my teëparty geskrywe het. Ook dit is beeldspraak, ontleen aan 'n amptelike regsproses. Job noem sy geding met God 'n regsaak in 23:4. Met die skrif van sy teëparty bedoel hy die beskuldigings wat sy vriende teen hom aangevoer het. Ons dink hier aan die Nieu-Testamentiese uitdrukking: „die skuldbrief teen ons" (Kol. 2:14).

Die voor en teen moet God dan teen mekaar afweeg! En wat sal dan gebeur? Plegtig verklaar hy dat hy dit op sy skouer sou dra en as 'n krans om sy hoof sou bind. Met „dit" bedoel hy die „skuldbrief teen hom". Blykbaar het hy die skuldbrief dus in sy eie hande! Dan kan hy daarmee maak soos hy wil! Hy kan dit vernietig. Maar hy sal dit as 'n oorwinningsteken, as 'n trofee aanwend.

As die skuld betaal is, kan die skuldbekentenis vernietig word. So lank as wat dit in die hande van die skuldeiser is, is dit 'n bewys van ons skuld. Maar ná betaling kry die ontlener dit om seker te maak dat dit vernietig word; hy kan dit self doen. Maar Job is so trots daarop dat hy dit voor elkeen se oë omhoog hou. Hy het gekla dat God sy eer van hom afgetrek en die kroon van sy hoof weggeneem het (17:9). Maar nou het hy tog die eer en die kroon weer terug!

So dink hy, sal dit gaan, as God hom maar aanhoor!

God kan sy voetstappe maar tel. Vroeër was hy bang vir God se oormag; en vra hy „laat sy verskrikking my nie beangstig nie" 9:34; 13:21. Maar nou sal hy as 'n vors na Hom toe aankom.

Dit is Job se laaste woorde in die gesprekkereeks: EK IS ONSKULDIG!

*Die optrede van Elíhu* (hfst. 32 en 33)

Onverwags tree 'n nuwe spreker op: Elíhu.

Die drie vriende het opgehou om met Job te praat, omdat hy in sy eie oë regverdig was. Hulle dink seker: dis 'n hopelose geval. Maar Elíhu dink nie so nie. Hy was blykbaar by die gesprekke aanwesig en terwyl hy luister, het hy toornig geword. Sy toorn het ontvlam teen Job omdat hy homself regverdig beskou het voor God, en ook teen sy drie vriende, omdat hulle geen antwoord gevind het nie en Job (tog) veroordeel het. Ons kan dus verwag dat Elíhu 'n antwoord het.

Job het op die woorde van Elíhu nie geantwoord nie. Die HERE self skenk ook geen aandag aan Elíhu nie, wel aan die drie vriende, 42:7. Daarom is wat Elíhu sê vir ons doel – „geveg met God" – nie van direkte belang nie. Die mening is wel uitgespreek dat „Elíhu" 'n latere invoegsel is. Maar dit staan in ieder geval in die boek Job soos dit aan ons oorgelewer is en Elíhu sê wel belangrike dinge, daarom kan mens tog nie oor die boek Job skryf sonder om aandag aan hom te skenk nie.

Elíhu is baie breedvoerig en maak baie verskonings vir sy optrede; hy is jonk in vergelyking met die ander sprekers. Maar omdat die gesprekke geen resultaat opgelewer het nie, dring die gees hom in sy binneste (32:18). Voorts sê hy dat hy en Job vrymoedig kan praat; Job hoef nie bang te wees vir hom nie: „Kyk, teenoor God staan ek in dieselfde verhouding as u: van klei is ek ook afgeknyp" (33:6). (Die term „afgeknyp" word in die verhaal van Genesis



nie gebruik nie. Dit lê meer in die lyn van oud-Oosterse skeppingsverhale.)

As Elíhu dan eindelik tot die saak kom, herhaal hy wat hy Job hoor sê het. Hy begin dus deur Job onder hande te neem.

33:8 Sekerlik, u het voor my ore gesê,
en ek het die geluid van die woorde gehoor:
9 Rein is ek, sonder oortreding;
suiwer is ek, en daar is geen skuld by my nie.
10 Kyk, Hy soek aanleiding vir vyandskap teen my;
Hy hou my vir 'n vyand van Hom.
11 Hy sit my voete in die blok;
Hy bewaak al my paaie.
12 Kyk, daarin het u nie reg nie (antwoord ek u),
want groter is God as 'n mens.
13 Waarom het u teen Hom getwis,
dat Hy op al die woorde van 'n mens nie antwoord nie?
14 Want God spreek op een, ja, op twee maniere;
maar die mens let daar nie op nie.
15 In die droom, in 'n naggesig,
as diepe slaap op die mense val,
tydens sluimeringe op die bed,
16 dan open Hy die oor van die mense,
en Hy druk die seël op die waarskuwing aan hulle;
17 om die mens terug te hou van sy onderneming
en trotsheid vir die man te verberg;
18 sodat Hy sy siel kan red uit die kuil;
en sy lewe, dat dit nie omkom deur die spies nie.
19 Ook word hy getugtig met smart op sy bed
en aanhoudende stryd in sy gebeente,
20 sodat sy lewe hom laat walg van brood
en sy siel van lieflingspys.
21 Sy vlees verdwyn, weg uit die gesig;
en sy gebeente, wat onsigbaar was, steek uit.
22 Ja, sy siel kom nader by die kuil
en sy lewe by die dodende magte.
23 Is daar dan vir hom 'n gesant, 'n tolk,
een uit duisend, om die mens sy plig te kenne te gee;
24 en is Hy hom genadig en sê:
Verlos hom, dat hy in die kuil nie afdaal nie:
Ek het 'n losprys gevind –

25 dan word sy vlees fris van jeugdige krag
hy keer terug na die dae van sy jonkheid.
26 Hy bid tot God, en Hy het 'n welbehae in hom,
sodat hy sy aangesig sien met gejuig;
so vergeld Hy dan aan die mens sy geregtigheid.
27 Hy sing voor die mense en sê:
Ek het gesondig en verdraai wat reg is,
maar dit is my nie na verdienste vergeld nie.
28 Hy het my siel verlos,
dat dit nie in die kuil ingegaan het nie,
en my lewe mag hom verlustig in die lig.
29 Kyk, dit alles doen God,
twee keer, ja, drie keer met 'n mens
30 om sy siel terug te bring van die kuil,
sodat hy bestraal word met die lig van die lewe.
31 Let op, o Job! Luister na my;
swyg, en ék sal spreek.
32 As u woorde het, antwoord my;
spreek, want ek wil u graag gelyk gee.
33 So nie, luister ú dan na my;
swyg, en ek sal u wysheid leer.

Elíhu begin deur enkele dinge te herhaal wat Job gesê het: dat hy onskuldig is, dat God vyandig teen hom optree, sy voete in die blok sit, al sy paaie bewaak, en sê dan dat Job hierin nie reg is nie, „want groter is God as 'n mens". Die bedoeling van hierdie argument is dat 'n mens hom nie teen die hoë en verhewe God mag verset nie. Dit is wel waar! „Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord" (Rom. 9:20). Met hierdie argument het Elíhu die hele „geveg met God" van die baan geskuif! Op die ou end moet Job ook alles herroep wat hy gesê het (42:6). En tog sê die HERE ten slotte dat sy kneg Job „reg van My gespreek het!" (42:7), en die vriende nie. Vir hierdie vreemde teenstelling is daar net een verklaring, nl. dat daar in die soms rofklinkende woorde van Job meer opregte vroomheid geskuil het as in die plat-tradisionele redenasies van die vriende. Al wil sy God hom ook ombring – Job hoop op Hom (13:15).

Op een punt gaan Elíhu nader in: die klag van Job dat God hom nie geantwoord het nie. So het Job inderdaad gesê (19:7; 30:20). Elíhu kan natuurlik nie beweer dat God Job wel geantwoord het nie. Hy doen dan ook die algemene uitspraak dat God op verskillende maniere antwoord, maar die mens let nie daarop nie. Elíhu



noem twee moontlikhede en Job kan hom dan maar daaraan toets: deur drome of deur siekte. Job het inderdaad drome gehad. Hy vertel daarvan (7:13 e.v.). Blykbaar hoort die drome by sy siekteverskynsels en Job het daarvan niks anders gehad as verskrikking en ontsteltenis nie; geen antwoord op sy probleem nie. Die ander moontlikheid is nog meer toepaslik op Job: siekte! Breedvoerig skilder Elíhu wat 'n sieke op die gebied van sielkundige ervaring kán ondervind. Het Job so iets ondervind? Dit sou dan 'n antwoord van God wees! Maar in alles wat Job oor sy siektetoestande vertel – en dit is baie – kom so iets nie voor nie. Sy ondervindinge was gans anders. Sover het hy dus niks aan dit wat Elíhu aan hom voorstel nie.

Tog is wat Elíhu sê, só merkwaardig, dat ons daaraan aandag moet skenk. Hy maak melding van 'n verlossing uit die dood en van 'n danklied van die verloste, wat vergelyk kan word met die lied van Hiskía ná sy genesing (Jes. 38:9 e.v.).

Elíhu stel die moontlikheid dat daar vir die sieke 'n gesant, 'n tolk verskyn. Dit kan 'n profeet wees, soos Jesaja by Hiskía op sy siekbed gekom het; maar ons kan ook aan 'n engel dink. Die uitdrukking „een uit duisend" beteken dat hy 'n besondere figuur is – vgl. vir dieselfde uitdrukking Pred. 7:28. Die tolk praat met die sieke: hy gee vir hom sy plig te kenne! Hy tree dus vermanend op, soos 'n profeet. Die drome waaroor Elíhu eerder gepraat het, het ook die karakter van vermanings gehad (kyk vs. 17) om die mens van sy trotse planne te weerhou. Dit kan ook hier die bedoeling wees. Elíhu veronderstel verder dat dit ook kan gebeur dat die bode hom – nl. vir die sieke – genadig is en sê: „Verlos hom, dat hy in die kuil (dit is die dood) nie afdaal nie." Maar 'n tolk, bode of engel wat dit kan sê, is wel 'n besondere engel, „een uit duisend!" – te meer waar hy ook nog sê: „Ek het 'n losprys gevind." Hy sien 'n uitweg vir die dodelik sieke.

Die Hebreeuse woord wat deur losprys vertaal is, beteken eintlik „bedekking". Die bedoeling is dan bedekking van die sonde. Die sonde het natuurlik ter sprake gekom toe die „gesant" hom sy plig te kenne gegee het. Die sonde is in vs. 17 „trotsheid" genoem. Dit is inderdaad die kernsonde! (I Tim. 3:6). Die verlossing, vergewing, van die sonde word in die Skrif beskryf deur die beeld van afwassing (in die bloed van die Lam, Openb. 7:14), maar ook deur die beeld van bedekking (Ps. 32:1; Rom. 4:7). In die Heidelb. Kat. word die gedagte van „bedekking" bespreek in vr. 36 en 81. Bedekking van die sonde is wat die sondaar nodig het. In die tuin van Eden soek die mense dit in die vyeblare; in die nood van die gerig roep hulle

vir die berge, „Val op ons" en vir die heuwels, „Bedek ons!" Maar die enigste bedekking vind ons in die bloed van die versoening.

Die vermelding van die losprys in die woorde van Elíhu is 'n nuwe element. Daar is in hierdie Bybelboek wel sprake van die behoefte aan 'n skeidsregter en 'n „Losser", maar die gedagte aan 'n losprys kom – in hierdie Bybelboek – slegs hier voor. Dit is dus wel 'n belangrike openbaringselement.

Die betekenis van Elíhu se voorstelling van die siekbedservaring word nog duideliker uit die gebed van die geneesde. Hy bid. Hy dank en sing: „Ek het gesondig en verdraai wat reg is, maar dit is my nie na verdienste vergeld nie." Toe sy plig aan hom te kenne gegee is, het hy dus sy sonde ingesien en berou gehad en vergewing gevind. Dit het geskied op grond van die losprys wat die „gesant" gevind het.

Wie anders kan hierdie besondere engel wees as „die engel van die HERE?" Hy is die profeet wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar het (Heidelb. Kat., vraag 31). Inderdaad is die verlossingsplan in die woorde van Elíhu „verborge" en omsluier. Tog is die heilsopenbaring in die boek Job nêrens duideliker as hier in die woorde van Elíhu nie.

Met hierdie voorstelling van geloofservaring op die siekbed bedoel Elíhu: Het jy so iets nie ervaar nie, Job? Sê nie te gou nie: „God antwoord nie!" As jy maar luister!

Elíhu bedoel dit goed. Ons kan sy woorde ter harte neem!

Tog het Job langs 'n ander weg uit sy lyding uitgekom! Dit is die besondere karakter van die boek Job.

*Die optrede van Elíhu (vervolg)* (hfst. 34)

Elíhu wend hom nou tot die „wyse manne", dit is die vriende van Job. Hulle moet hoor, sê hy, „want die oor toets woorde soos die verhemelte die spys proe" (vs. 3). Hierdie beeld het Job self ook gebruik (12:11).

Eers herhaal hy 'n paar gesegdes van Job om aan te toon hoe goddeloos hy is. Hy drink godslastering soos water (vs. 7). Elíhu sê dat Job gesê het: „Dit baat 'n man niks dat hy 'n welgevalle aan God het nie." Maar dit het Job nie gesê nie! Hy het oor ander mense gepraat wat dit wel gesê het (21:15). Job het gesê: „As ek gesondig het, wat doen ek U aan, o Mensebewaker!" (7:20.) Miskien het Elíhu aan dié uitspraak van Job gedink. Elíhu haal ook aan dat Job gesê het: „God het my my reg ontneem" (vs. 5). Dit het Job inderdaad gesê (kyk 27:2.) Hy beskuldig God dus van onreg en Elíhu gaan daarop nou breedvoerig in. Hy betoog nou dat God nie onregverdig is nie. Bildad het dit ook alreeds gesê (8:3), maar Elíhu wil dit nog verder beklemtoon.

10 Daarom, manne van verstand, luister na my:
Ver is God van goddeloosheid
en die Almagtige van onreg!
11 Veelmeer vergeld Hy die mens na sy werk,
en volgens 'n man se wandel laat Hy hom ondervind.
12 Ja waarlik, God handel nie onregverdig nie.
en die Almagtige verdraai nie die reg nie.
13 Wie het aan Hom die aarde toevertrou,
en wie het die hele wêreld gegrond?
14 As Hy op Homself ag sou gee,
sy Gees en sy asem na Hom sou terugtrek,
15 dan sou alle vlees tesame die asem uitblaas
en die mens sou tot stof terugkeer.
17 Kan ook een wat die reg haat, heers?
Of durf u die Regverdige, die Geweldige, veroordeel?

Elíhu stel hier dat God regverdig is, maar sê ook waarom dit so is. Dit is so omdat God die Magtige, die Geweldige is. Omdat hy magtig is, doen Hy ook reg. Dit is 'n stelreël wat in menslike verhoudinge nie geld nie! Mag kan misbruik word. Tog spreek Elíhu hierdie stelling baie sterk uit in die vraag: „Kan ook een wat die reg haat, heers?" Hy bedoel: nee, dit kan nie! Maar die geskiedenis leer dat dit wél kan! Baie heersers was onregverdig.

Elíhu praat hier egter oor God en nie oor menslike verhoudings nie. God se mag is mos skeppersmag! Bo Hom staan niemand anders wat die aarde aan Hom toevertrou het nie. In Hom is die oorsprong van alle dinge, ook van die reg. As die almagtige Skepper is Hy die Geweldige, sy skeppingsmag is heersersmag. Dat Hy onreg sou doen is dus totaal uitgesluit.

Tog het mag in menslike verhoudinge ook iets met reg te doen: wie insien wat reg is en die reg wil handhaaf, moet ook die mag hê om dit te kán doen. En ook in menslike verhoudinge sien ons dat 'n heerser wat die reg haat, sy onderdane nie gelukkig maak nie. Sedekia is daarvan 'n duidelike voorbeeld – kyk Eseg. 19:5–9.

Ook in dié sin is God regverdig dat Hy die mag het om die reg te handhaaf.

Elíhu beskryf nou verder hoe God dit inderdaad ook doen. Hy is